DIE CJ LANGENHOVEN GEDENKLESING
THEUNS ELOFF
BY DIE KKNK, OUDTSHOORN
27 MAART 2016

AFRIKAANS BY 'N KRUISPAD - WAARHEEN NOU?

Inleidend
Ek neem as uitgangspunt dat Afrikaans as taal onder druk is en wat sy hoër funksies betref by 'n duidelike kruispad is. Hennie van Coller maak die opmerking, "Sonder sy hoër funksies (soos die gebruik van die taal in die regswese, politiek, media en onderwys) is 'n taal geen volwaardige standaardtaal nie." Van hierdie vier kategorieë is dit net in die media dat Afrikaans nie onder druk is nie. Ek sal in my voordrag grootliks op Afrikaans in die onderwys fokus, omdat dit, saam met die ouerhuis, die lewensaar van 'n taal is...

Hoekom is Afrikaans by die kruispad?
Om die vraag 'waarheen nou?' te beantwoord, moet die redes hoekom Afrikaans op hierdie stadium by 'n kruispad is, eers aangetoon word. Slegs dan sal toekomsmoontlikhede duidelik kan word. Daar is nie net een rede vir hierdie toedrag van sake nie. Soos gewoonlik, is die werkli'
kheid meer kompleks as die teorie. Soos in 1976 is Afrikaans grootliks vir politieke redes in die spervuur, en gaan die groot herrie nie eintlik oor Afrikaans nie...

Die **eerste oorsaak** is die ontgogelde verwagtinge van die meerderheid Suid-Afrikaners, as gevolg van die mislukking van die regerende party se beleide en toepassing daarvan, veral die afgelope sewe jaar. Die duidelikste hiervan is die onvermoë van die ekonomie om werk te skep, die groot ongelykhede in die samelewing en die verskriklike armoede in die land. Daarby het die regering met sy potensieel sterkste bemagtigingswapen, naamlik onderwys, klaaglik misluk.

Die kritiek teen die regering (wat gereeld in diensleweringsbetogings tot uiting kom) het die politici genoop om die ou vyand, apartheid, en die vorige magshebbers (lees wit en soms bruin mense) die skuld te gee. Die EFF is meer radikaal en het met 'n vlaag anti-wit en rassistiese standpunte na vore gekom. Wit en bruin mense is inherent rassisties, en daarom is Afrikaans ook rassisties.

In 'n verdere reaksie en die soek na sondebokke vir hulle frustrasies, het dele van die bevolking **tweedens** begin om die historiese kompromie wat tydens die onderhandelings in 1993 bereik is en in die Grondwet ingeskryf is, te bevraagteken. 'n Nuwe swart bewussynsbeweging sê openlik dat hulle ouers om die bos gelei is met 'n 'maklike' versoening en dat daar van voor af begin moet word met 'n waarheid- en versoeningsproses. 'n Deel van hierdie proses moet regstelling van materiële goed wees - grond en huise en geld... 'n Ander deel van die regstelling is nie-materieel, soos taal en kultuur. Afrikaans moet dus as openbare taal afgeskaf word...

'n **Derde rede** hoekom Afrikaans by 'n kruispad is, is die ANC-regering se ideologie van transformasie met sy formule van 80-9-9-2. Hiervolgens moet alle organisasies in die land en alle onderdele van daardie organisasies 80% werknemers of lede het wat Afrikane (swart) is, en net 9% bruin, 9% wit en 2% Indiër. En dit word, deur regstellende aksie en gelyke indiensnemingskwotas, meedoënloos toegepas, selfs al beteken dit dat mense sonder die nodige bevoegdhede aangestel word of dat poste vakant gelaat word. Volgens 'n 2014 verslag van die Staasdienskommissie self, is dit die grootste oorsake van swak dienslewering deur die staatsdiens. Maar dit het ook sy negatiewe gevolge op Afrikaanse skole en universiteite waar Afrikaans nog gebruik word - druk om te 'transformeer' beteken wesenlik dat daar nóg minder wit en bruin leerlinge of studente in enige onderwysinstelling moet wees - en dus minder Afrikaanssprekendes. Maar weer is die teiken ras, en Afrikaans is die bykomende ongeval.

Ander eksterne faktore wat 'n rol speel om Afrikaans onder druk te plaas, is wat Koos Malan 'verstaatliking' noem (waar die staat in sy hele gebied net een taal wil hê), die sterk posisie van Engels as 'n wêreldtaal en akademiese taal, en die ironiese patroon in die res van Afrika dat die voormalige koloniale heersers se taal hoër as die inheemse tale geag word (Khethiwe Marais).

Maar daar is ook **interne faktore**, nader aan die huis, wat die druk op Afrikaans plaas.

Afrikaanssprekendes reageer verskillend op die eksterne faktore. En reaksies van Afrikaans se sprekers plaas nog groter druk op Afrikaans. Kom ek noem 'n paar, soos onlangs uitgewys deur die Engelssprekende Dave Steward (!) van die FW de Klerk Stigting:

- Sommige akademici verwerp die idee dat universiteite enige spesiale rol het om in die bevordering van 'n spesifieke taal (anders as Engels!) te speel. Akademiese uitnemendheid kan net behaal word deur die aanvaarding van die wêreldtaal, Engels, as die enigste onderrigtaal.
- Ander aanvaar die argument dat Afrikaans 'n taal van uitsluiting en onuitwisbaar besmet is deur apartheid, en wil daarom enige verbintenisse met Afrikaans verbreek.
- Nog ander glo dat hulle onvermydelik sal moet ingee wat transformasie en studente-eise betref en dat deur met die ANC-regering oor demografiese verteenwoordigendheid saam te werk, hulle die akademie se belange kan beskerm.
- Sommige Afrikaanssprekende ouers dink dat om hulle kinders in Engels te laat skoolgaan en te laat studeer, hulle 'n beter kans op sukses in die globaliserende wêreld sal gee.
- Ek kan hierby die houding van spesifiek sommige bruin Afrikaanssprekendes voeg wat redeneer dat Afrikaans deur die wittes gekaap is en dat die bruin gemeenskap deur apartheid benadeel is. Afrikaans is nie belangriker as leë mae nie, en ons sal julle nie help met Afrikaans alvorens julle ons met sosio-ekonomiese ontwikkeling gehelp het nie.

Dis hierdie soort reaksies wat maak dat Afrikaanse skole stadig maar seker eers dubbelmedium word en dan verengels. Dis hierdie soort reaksies wat maak dat Afrikaans op

universiteitsvlak nie in die eerste plek deur die regering onder druk kom nie, maar deur Afrikaanssprekende akademici, senate, besture en rade. Dit word baie maal verdedig deur uitdrukkings soos “die mark en die behoeftes het verander”. Maar dan word nie erken en bely dat my universiteit se werwings- en toelatingsbeleid direk tot daardie verandering aanleiding gegee het nie!

Steward maak hieroor die volgende opmerking:

> *Vladimir Lenin het gesê dat “wanneer die tyd aanbreek vir ons om die kapitaliste te hang, hulle met mekaar sal meeding om die tou aan ons te verkoop”. Op dieselfde wyse speel Afrikaners ‘n leidende rol om die ANC te help om Afrikaans as onderrigtaal op universiteitsvlak te vervang.*

Die ironie is dat die vooruitsigte van hierdie welmenende mense op die medium en lang termyn, soos die kapitalistiese tou-verkopers, nie goed is nie. Vanweë die ANC se 80-9-9-2 formule, is hulle volgende in die visier. Om dan te sê ‘ons is nie almal só nie’ sal nie help nie. Jy kan ophou Afrikaans praat, maar jy kan nie jou velkleur verander nie!

Maar laat ek, voordat ek van regsheid beskuldig word, ook sê dat die reaksie van ‘n ander groep Afrikaanssprekendes ook veroorsaak dat Afrikaans verder onder druk kom. Dis die brigade met die T-hemde wat lees ‘Praat Afrikaans of hou jou bek!’ Dis diegene wat weier om ‘n woord Engels oor die lippe te neem, al is dit duidelik dat my landgenoot nie ‘n woord Afrikaans kan verstaan nie. Dis mense wat net so ideologies gedrewe soos die Engelse taalimperialiste is. En hulle verskaf al die skietgoed wat die politieke teenstaanders van Afrikaans nodig het om hulle aanvalle op Afrikaans te regverdig.

Dus: ‘n menigte eksterne faktore, ideologies en polities gedrewe, en soms, soos Niek Grove van die regering sê, lippediens aan veeltaligheid, en “benevolent neglect”, veroorsaak dat Afrikaans by die kruispad is. Die reaksie van ‘n beduidende groep Afrikaanssprekendes vererger dit. Soos Breyten Breytenbach dit onlangs so raakgevat het: daar is “teelplase vir polities korrekte kuddes selfbeheptes”.

Afrikaans beleef op die oomblik wat genoem kan word ‘n ‘perfekte storm’... Só perfek dat mens nie anders kan nie as om te wonder ‘kan ons dit oorleef?’ Of is die kantelpunt só naby en só onafwendbaar dat ons dalk maar moet moed opgee? Gaan ons een oggend wakker word en daar is geen enkelmedium skool oor nie? Vir die Afrikaanssprekendes in Mpumalanga (een hoërskool oor) en Limpopo (een oor) is dit ‘n realiteit...

Waarheen dan met Afrikaans en haar hoër funksies?

Wat kan gedoen word?

Ons moet eers besef dat die ouerhuis en die onderwys die lewensare van enige taal is, ook vir Afrikaans. Sonder ouers wat hulle kinders in Afrikaans grootmaak en na Afrikaanse skole toe stuur, is daar geen hoër funksies vir Afrikaans nie, geen *Burger* en geen KKNK nie. Dan

sal dit slegs ‘n geslag of twee neem om Afrikaans te relegeer na ‘n binneshuise taal, op die meeste...

Onderwys in Afrikaans is dus ‘n noodsaaklike (maar nie voldoende nie) voorvereiste vir die behoud en groei van Afrikaans as hoë funksie taal. In hierdie verband stel ek agt aksieplanne voor.

Aksieplan een: stuur jou kinders en waar jy kan ook jou kleinkinders na Afrikaanse skole toe, verkieslik enkelmedium Afrikaanse skole, waar dit nog bestaan. Hou daardie skole so vol as moontlik, sodat die taalimperialiste en transformasiedrywers nie rede het om daardie skole te dwing om Engels te begin gebruik nie. Daar is goeie tweetalige skole waar Afrikaans nog gedy, soos Paul Roos en Grey, maar sulke parallelmedium skole kan slegs onder baie spesiale omstandighede Afrikaans as onderrigtaal behou. In die meeste gevalle is tweetaligheid ‘n glybaan na Engels alleen. En raak betrokke by die skool en die beheerliggaam, dis belangrik as die onderrigtaal Afrikaans moet bly.

Daar is verskeie organisasies wat Afrikaanse toeps of ‘apps’ vir kleuters en jong leerders ontwikkel. Maak seker dat jou kinders en kleinkinders toegang hiertoe het. Dit maak Afrikaans eietyds en aanvaarbaar vir die volgende geslag.

Aksieplan twee mag dalk nie onmiddelik na ‘n konkrete plan lyk nie, maar dit is wesenlik belangrik: Ken, ondersteun, versterk en pas die Grondwet van Suid-Afrika toe. Die Grondwet en die historiese kompromie wat daarin vervat is, is die beste en enigste beskerming vir Afrikaans in die onderwys - altans tot dusver. Wie Afrikaans verwerp, verwerp die Grondwet en die historiese kompromie wat daardeur bereik is. Artikel 29(2) lui dat

> *Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van- (a) billikheid; (b) doenlikheid; en (c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.*

Hierdie grondwetlike regte moet verdedig en beskerm word. Ons mag nie toelaat dat transformasiemania (Piet le Roux se woord) die oppergesag van die Grondwet opsyskuif nie.

Die volgende logiese stap is om die kwessie van Afrikaans in die onderwys na die Konstitusionele Hof te neem, met ‘n goedgekose saak. Baie regsgeleerdes sal sê dat dit gevaarlik kan wees, omdat ‘n mens nie weet wat die Hof se uitspraak sal wees nie, en as die Hof eers uitspraak gelewer het, is die saak onomkeerbaar. Dit mag so wees, maar daar is dalk geen ander keuse nie. Diegene wat die Grondwet oor Afrikaans en moedertaalonderrig ondermyn, moet aan die kaak gestel word deur die hoogste hof in die land. Studente en voornemende studente is onlangs van hulle grondwetlike reg in artikel 29(2) ontneem deur die besluit van die Universiteit van die Vrystaat om Afrikaans as onderrigtaal af te skaf.

Regsadvies wat ingewin is, is van mening dat ‘n klasaksie deur hierdie studente ‘n goeie kans op sukses het. Artikel 29(2) se regte gaan ook oor doenlikheid en dis aan tyd gekoppel. As die UV eers oor vyf jaar in die Hof gekonfronteer word, kan hulle argumenteer dat om Afrikaanse klasse aan te bied, nie meer doenlik is nie. Maar nou is dit nog.

Die rade van die UP, die US en die NWU moet in hulle toekomstige besluite ook van hierdie grondwetlike regte van studente en moontlike klasaksies kennis neem.

Aksieplan drie vloei hieruit voort. Die staat kry in die Grondwet ‘n verantwoordelikheid oor taal en moedertaal en meertaligheid. Hou die staat verantwoordelikheid vir meertaligheid en die bepalings van die Grondwet oor Afrikaans. Moenie moed opgee en redeneer dat dit tog nie sal werk of dat hulle tog nie sal luister nie. Hou aan, dit staan in die Grondwet. En die regering se *beleid* oor Afrikaans is steeds positief. Die ministerie van hoër onderwys se beleid oor Afrikaans as universiteitstraal lui só:

> *The ministry acknowledges that Afrikaans as a language of scholarship and science is a national resource... [The Ministry] fully supports the retention of Afrikaans as a medium of academic expression and communication in higher education, and is committed to ensuring that the capacity of Afrikaans to function as such a medium is not eroded.*

Niek Grove het al in 2008 daarop wys dat die departement besig is om passief terug te sit en te kyk hoe Afrikaans as onderrig- en navorsingstaal doodbloei. Maar die beleid staan, die Grondwet staan, gebruik dit!

Natuurlik is daar dié in die ANC wie se taal-imperialistiese onderrok vér uithang, soos Panyaza Lesufi, die Gautengse minister van onderwys. Hy teiken Afrikaanse skole openlik en oefen ontsaglike politieke druk op hulle uit om na Engels oor te skakel. Maar daar is ook in die ANC mense soos Mathews Phosa, wat Afrikaans sy regmatige plek gun.

Aksieplan vier sluit hierby aan. As ons wil vorentoe gaan met Afrikaans, moet ons weet wie ons vriende en bondgenote is. En wie nie...

Die (wit) Engelssprekende taalimperialiste is nie. Soos die vrouedosent by Stellenbosch wat verontwaardig gesê het “but English is after all the language we communicate in”. Ek wonder wat sou Langenhoven van haar gesê het. Maar daar is ook swart taalimperialiste en ideoloë, soos Lesufi, wat Afrikaans haat en spesfiek teiken, direk teen die voorskrifte van die Grondwet. Daar is die Afrikaanses met ‘n skuldkompleks wat bereid is om Afrikaans op die altaar van transformsasie te offer - en salig onbewus is dat hulle die volgende offerlammers is. Die polities korrektes wat nie die waters wil roer nie anders sal mense nog swakker van Afrikaans dink, val ook in hierdie kategorie. Hulle beskou sogenaamde Afrikaners en Afrikaanses wat vir hulle taalregte opstaan, as groter vyande van Afrikaans as byvoorbeeld Lesufi - en maak dit deur hulle woorde en dade duidelik. En dan is daar die (wit) Afrikaners

wat oor taal wil maak en breek en bullebakagtig enige goedgesindheid wat oor is, vernietig. Ons moet al hierdie groepe herken en weet dat hulle nie bondgenote is nie.

Maar ons sal ook nuwe bondgenote moet maak en by kry, ongeag hulle ras en hulle taal. Daar is 'n klein groepie swart Suid-Afrikaners wat Afrikaans nie as moedertaal het nie, maar wat dit respekteer en dit selfs vir haar vermoës bewonder. Daar is bruin Afrikaanses wat voorheen polities van Afrikaans vervreem is, maar wat al hoe meer besef wat aan die gebeur is, en net so bekommerd daaroor is. As mens in gedagte hou dat Afrikaans meer bruin as wit sprekers het, is dit noodsaaklik om al die sprekers van Afrikaans te kry om Afrikaans se openbare gebruik te ondersteun en te bevorder. En om dit reg te kry, sal die diversiteit van die taal en sy gebruikers erken en respekteer moet word. En sal wit Afrikaanses en Afrikaners meer moet doen om die sosio-ekonomiese nood van ons bruin taalgenote raak te sien en iets daaraan te help doen. Om Afrikaans spreekwoordelik te red, sal ons ook die bruin sprekers van Afrikaans moet bystaan in hulle sosio-ekonomiese nood.

Aksieplan vyf gaan daaroor dat ons slim(mer) moet wees in ons argumente ten gunste van Afrikaans as onderwystaal. En hier gaan dit in die eerste plek nie net oor Afrikaans nie, maar oor alle moedetaalonderrig. As mens na internasionale navorsing oor moedertaalonderrig kyk (en Fernand de Varennes is in hierdie opsig die bekendste en mees geloofwaardige navorser), is dit duidelik dat ook buite Suid-Afrika en Afrika se grense die waarde van moedertaalonderrig reeds lankal bewys is. De Varennes sê:

> *Students from indigenous or minority background will have better academic results (they learn better) and will stay in school longer (lower dropout rates) when they are taught in a language with which they are most familiar - usually their own. When this happens, especially when they stay in school longer, they will not only acquire a stronger basis and literacy in their own language, they will also be able to gain greater fluency in the official/majority language. A number of UNESCO and other studies confirm this in Asia, Africa, Europe and the Americas.*[1]

As mens dit lees, dan wonder jy waar die teenkanting of ongeërgdheid oor moedertaalonderrig by die meerderheid Suid-Afrikaners vandaan kom? Hier is tog die sleutel om die skokkende vlak van ons basiese onderwysstelsel te verbeter. Ek het 'n spesmaas dat die ANC-regering lippediens aan moedertaalonderwys bewys omdat hulle bang is dat etniese verskille daardeur versterk gaan word en dit die eenheid van die nasie en die opkoms van die 'rewolusionêre' mens gaan verbreek. Moedertaalonderrig staan dus (ook) in die pad van die transformasie-ideologie.

Dit is nodig dat ons weer en weer die waarde van moedertaalonderrig beklemtoon. En in die proses die drogredenasie van die politieke ideoloë dat moedertaalonderrig Afrikaanse leerders en studente bo ander bevoordeel, en dat dit daarom afgeskaf moet word, verkeerd moet bewys. Dit was welkom om te hoor (al weet mens dis bloot partypolitieke taktiek) dat

[1] Reference document 'Education, discrimination and language', 20 October 2014, p6

die ANC in Gauteng met Afriforum saamstem dat “Afrikaans must not fall, but Sepedi must rise”.

Daar is baie ander sulke drogredenasies wat ons moet weerlê. Nog een is die hoogheilige een dat dit nie die taak van ‘n universiteit is om ‘n taal te beskerm nie. Werklik? Hoekom dan effektief Engels bevoordeel? Bloot oor markkragte? En wie bepaal die markkragte? Nee wat, professore, probeer ‘n ander een... Dit laat mens dink aan Langenhoven se bekende opmerking in die Volksraad dat die helfte van die lede esels is. En toe hy gedwing is om dit terug te trek, sê hy mos: “Goed, die helfte is nie esels nie”.

As mens die feit in ag neem dat meer as 50 uit die top 100 Europese en Britse universiteite nie Engels as eerste of enigste taal van administrasie en leer het nie, hoekom is daar dan nog die naïewe argument dat Engels tog die hooftaal van internasionale hoër onderwys is?

Nog ‘n drogredenasie is dat Afrikaans uitsluitend is en dus nie op enige universiteitskampus ‘n plek mag hê nie. As ‘n objektiewe waarnemer moet hoor dat daar vir ongeveer 11% van die bevolking wat Afrikaans is, vier universiteitskampusse uit 39 is waar Afrikaans gebruik word (saam met Engels), sal dit as uitsluitend ervaar word? Dit klop selfs in terme van die ANC se eie transformasieformule van 80-9-9-2. Maar ons universiteitsrade is selfs hiermee nie tevrede nie - dit moet 100-0 wees! Gaan ons eendag die gekheid van hierdie redenasie raaksien?

En dan my gunsteling een. Ouers wat ewe vroom sê dat ‘n Engelse opvoeding my kinders ‘n beter kans in die globaliserende wêreld sal gee. Vergeet UNESCO se statistiek, vergeet dat talle sakeleiers wat in Afrikaans skoolgegeaan en gestudeer het, vandag breë spore in die internasionale wêreld trap. Miskien is dit my eie onvermoë om Engels te praat wat ek op my kinders projekteer...

‘n Laaste argument wat gemaak moet word, is dié van meertaligheid. Afrikaanses moet duidelik wees dat hulle nie net vir hulleself moedertaalonderrig wil hê nie, maar vir almal wat wil. Om Niek Grove weer aan te haal:

> *Dit is belangrik dat die bevordering van meertaligheid nie na ’n situasie moet lei waar ons weer wit en swart kampusse het nie. Meertaligheid moet ten doel hê om elke Suid-Afrikaner opvoedkundig gesproke ’n billike kans in die lewe te gee en terselfdertyd moet dit tot nasiebou bydra. Soos Friedman dit gestel het: “Diversity without a spirit of community leads to tribalism. Community without a spirit of diversity leads to alienation for all minorities.”*

Die probleem is egter baie keer die woorde ‘vir almal wat wil’. Is meertaligheid in die onderwys moontlik as daar nie inheemse tale is wat wil nie? As Afrikaanssprekendes moet ons baie meer fokus op gesprekke met ons landgenote oor die belangrikheid van moedertaalonderrig. En ons moet by hulle leer wat die waarde van meertaligheid in die gewone omgang is. Die meeste swart Suid-Afrikaners praat ten minste vyf tale, ons baie

maal net twee. Ons moet ons kinders aanmoedig om ten minste een ander Afrikataal as Afrikaans aan te leer...

Aksieplan ses gaan oor die noodsaaklikheid om 'n ordentlike reklame- en bemarkingsveldtog oor Afrikaans as handelsmerk van stapel te stuur. Die teikenmark moet eerstens Afrikaans se eerste taal sprekers wees. Ons wat dit elke dag praat, daarin studeer, daarin redeneer en daarin baklei, besef nie altyd hoe divers Afrikaans en Afrikaanssprekendes is nie. Ons moet weet hoe lyk ander se Afrikaans, en daarvoor ruimte hê en dit geniet. Maar so 'n veldtog moet ook op die tweede en derde taal sprekers van Afrikaans gerig wees. Daar is volgens die jongste gegewens van Statistieke SA meer as 10 miljoen Suid-Afrikaners wat Afrikaans daagliks as tweede of derde taal gebruik. Ons moet deur so 'n veldtog enige politieke stigma wat daar nog aan Afrikaans kleef, en enige denkbeeld dat dit slegs 'n 'witmenstaal' is, uit die weg ruim. Só sal ons geloofwaardigheid vir Afrikaans as openbare onderwystaal koop.

Aksieplan sewe: Die skeptieses onder ons sal dalk sê dat dit alles goed en wel is, maar as die politiek teen julle is (soos wat dit tans is), hoes julle teen die donderweer. Ek stem saam. Ons kan nie net mooi praat en oortuig en hof toe gaan oor Afrikaans nie. Soos die mense in die Wes-Kaap en Noordkaap sal sê, ons 'makeer' ook 'n nuwe politieke skikking oor Afrikaans. Die Grondwet is 'n regsdokument wat vir vandag se tyd polities nuut geïnterpreteer moet word. En dit moet deur 'n spesifiek onderhandelde skikking tussen belanghebbers gedoen word.

Maar dit is myns insiens net moontlik met nuwe leierskap in die ANC-regering. Met die huidge leierskap sal min reggekry word, ook omdat 'n mens weet dat die einde van hierdie regime naby is. Die tydsberekening vir so 'n inisiatief is dus belangrik. Daarby is dit belangrik dat wie ook al aan so 'n inisiatief sal deelneem, respek by die ANC afdwing. En ek is bevrees dat die polities korrektes en die skuldvoelendes nie daardie respek het nie. Slegs mense wat soos die regsgeleerdes sal sê 'locus standi', 'n staanplek vir Afrikaans het, sal daardie respek kry. En respek beteken nie saamstem nie, maar juis respekvol verskil. En soos met enige onderhandelingsproses moet die partye weet dat die ander kant die vermoë het om namens sy 'mense' te praat en op te tree. Ek meen dat die Afrikaanse Taalraad, met sy verskeidenheid lede, oppad is om daardie soort legitimiteit te ontwikkel.

Aksieplan agt gaan daaroor om nie al jou Afrikaanse eiers in die openbare onderwysmandjie te pak nie. Want as al ons beste pogings in die openbare onderwysveld misluk het (en mag dit nooit waar word nie), mag ons nie met die spreekwoordelike broek op die knieë gevang te word nie. Die vraag is: tot hoe 'n mate is privatisering van Afrikaanse onderwys deel van die oplossing?

Die interessante is dat private en bekostigbare Engels-sprekende skole in Gauteng en omgewing aan die toeneem is. Veral swart Suid-Afrikaners besef dat die openbare onderwysstelsel besig is om al verder in te plof. Ons moet hier en in die res van Afrika (waar privaat onderwys groter en meer effektief is as openbare onderwys) gaan leer. Dit moet 'n paralelle strategie wees: veg hard vir die openbare grondwetlike ruimtes vir Afrikaanse

onderwys, én ondersoek die moontlikheid van bekostigbare private en gemeenskapsonderwys. Dit sluit ‘n Afrikaanse universiteit soos Akademia in.

Ten slotte:
Dis dan ‘n agttal aksiestappe wat ons as Afrikaanse gemeenskap kan neem om Afrikaans by hierdie kruispad verby te neem, en weer op koers in veral die onderwys te kry. En baie hiervan kan indiwidueel gedoen word, ander het organisasies nodig, iets waarmee ons goed is. Almal het samewerking nodig, iets waarmee ons nie altyd so goed is nie. Maar ons moet daaraan werk...

Om dit effektief en gebalanseerd te kan doen, moet ons ons veelvuldige identiteite uitleef en nie net in een of twee bly vassit nie.

- Ons moet weet ons is mense, en dat ons met ander mense ‘n bestaan en menswaardigheid deel.
- Ons moet besef ons is Afrikane, deel van hierdie wonderlike kontinent.
- Ons moet weet ons is Suid-Afrikaners, burgers van ‘n wonderlike en soms droewe land.
- Ons moet weet ons is Afrikaansprekendes en dat ons ‘n taal deel met baie ander.
- Ons kan weet dat ons Afrikaners kan wees, deel van ‘n kultuurgroep met ‘n spesfieke geskiedenis.

En as ons suksesvol wil wees, moet ons hierdie identiteite op ‘n gebalanseerde manier uitleef. Slegs dan kan ons ons grondwetlike reg opeis om ook in skole en universiteite tuis te voel en tuis te kom. Slegs dan kan Afrikaans verby hierdie kruispad kom en vorentoe gaan. Sterkte met hierdie pad.